
# VRYPOS

Tweeweeklikse Nuusbrief van die **NG Kerk Vrystaat**



# *Pinkster*

**19 MEI 2023** | JAARGANG 21

UITGAWE **08**

# INHOUD


## 03 VRYPOS-FOKUS

03 Diens van Barmhartigheid | **Noodlyn vir maatskaplike krisisse**

## 04 ARTIKELS

04 Verbi Divini Minister | **Die Groot Trek?**

04 Raadsvergadering | **Bedieningsbegeleiding se tromritmes**

04 Moderamenvergadering | **"Here God van liefde, in u skadu wil ons by U staan."**

04 Vennote in Getuienis | **Lesotho - Kosbare verhoudings in die Bergkoninkryk**

04 Werkgroep vir Islam | **Die verband tussen gasvryheid en *Dawa* in Islam**

04 NetAct | **NG Kerk se verbintenis met ons susterskerk in Angola, die IERA**

## 06 DIS 'N RING-DING

06 Ringsprojekte | **Die Ring van Vaalrivier kom *In Pas* met 'na-buite-gerig' leef**

## 07 MEDIATEEK

07 Publikasie | ***The Witness of Preaching***

07 Inventaris

## 09 EKOLOGIE

09 22 Mei 2023 | **Internasionale Dag vir Biologiese Diversiteit**

## 10 AKTUEEL ALGEMEEN

10 Winterhoop 2023

11 Bybelgenootskap Sentrale Streek BFN

12 Advertensies

13 CLF | **Pinksterreeks 2023**

## 16 OPLEIDING

## 17 NUUSBRIEWE PUBLIKASIES BROKKIES UIT KERKBODE

## 18 KALENDER

## 19 BETREKKINGS

## 20 VERJAARSDAE

## 21 'N LAASTE GEDAGTE

## 22 KONTAK ONS

### FOTO'S

Canva | Pixabay
Flickr | Pexels | Pixton
Tensy anders vermeld

### ARTIKELSKRYWERS

Ds De la Harpe le Roux | Dr Martin Laubscher | Magdaleen du Toit | Ds Jan Lubbe | Dr Nico Mostert | Dr Enrico Casaleggio | Dr Kruger du Preez | Mariëtte Odendaal | Ds Jan Lubbe

---

## LOER, LEES EN LEER

saam met ons in hierdie uitgawe en laat weet ons asseblief wat jy dink!

## DAGBOEK DÍT

Gerontologie Netwerk bied GRATIS aan **"'n Onoorwinlike Somer!" met prof Jaco Hoffman op 8 Junie 2023** te Geloofsentrum Universitas, BFN.

## VOLGENDE VRYPOS

Die volgende Vrypos-uitgawe verskyn op **Vrydag 2 Junie**.

Kyk gerus na ons **webblad-kalender** vir belangrike datums.

# REDAKTEUR


### BYDRAES EN NAVRAE

cmclean@ngkvs.co.za

## CELICIA MCLEAN


ngkerkvrystaat.co.za



# 24 UUR-NOODLYN VIR MAATSKAPLIKE KRISISSE

"Mense in maatskaplike krisisse moet so vinnig, professioneel en ordelik as moontlik gehelp kan word."

DS DE LA HARPE LE ROUX

**Die Bediening van Diens van Barmhartigheid in die NG Kerk Vrystaat het Childline Vrystaat gekontrakteer om 'n 24 uur-noodlyn (nommer 116) daar te stel waar gemeentes maatskaplike krisisse kan aanmeld sodat dit die nodige aandag kan kry.**

In teorie is die hele Vrystaat (trouens ook die groter Bloemfontein) verdeel tussen die groot maatskaplike diensorganisasies. Engo, VVA, Kindersorg, Childline Vrystaat, asook die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling, het elkeen 'n area in die groter Vrystaat waar hulle die verantwoordelikheid het om maatskaplike dienste te lewer.




In die praktyk werk dit egter nie altyd so uit nie. Baie leraars en gemeentes sukkel dikwels om in die geval van 'n maatskaplike krisis die dienste van 'n professionele maatskaplike werker te verkry. Een van die redes hiervoor is waarskynlik dat, hoewel die meeste maatskaplike werkers hul bes probeer om die nodige aandag te gee wanneer 'n maatskaplike krisis aan hulle toegewys word, hulle eenvoudig te min is en elkeen se gevallelading is net te hoog. 'n Ander rede kan wees dat gemeentes soms sukkel om kontak te maak met die bepaalde maatskaplike werker wat in hulle area verantwoordelik is vir maatskaplike dienste. Dis dan juis hierin dat die Bediening vir Diens van Barmhartigheid gemeentes wil help en ondersteun en daarom die 24-uur noodlyn daar te stel.

3. Sodra die krisis gerapporteer is, volg Childline Vrystaat die saak op deur eerstens vas te stel of daar reeds 'n maatskaplike werker (in wie se gebied die krisis val) daaraan toegewys is, en indien wel, wat die vordering in die saak is.

4. Indien die saak aan niemand toegewys is nie, of indien daar binne 'n redelike tyd niks wat betref die krisis gebeur nie, sal Childline Vrystaat 'n maatskaplike werker daaraan toewys.

5. Childline Vrystaat onderneem dan verder om deurlopend terugvoering te gee oor die vordering in die saak aan die bepaalde gemeente, sowel as die Bediening van Diens van Barmhartigheid, met in ag neming van die aanvaarde beginsels van vertroulikheid en die bestaande POPIA-wetgewing.

## Die noodlyn werk as volg

1. Indien 'n gemeente nie daarin slaag om kontak te maak met die bepaalde maatskaplike werker in wie se area hulle val nie, of nie die hulp kry waarvoor daar gevra word nie, kan die krisis via die noodlyn gerapporteer word.

2. Childline kan ook behulpsaam wees om 'n krisis by die area-werker aan te meld as die leraar daarmee probleme ondervind.

6. Indien Childline Vrystaat, om watter rede ookal, nie in staat is om 'n maatskaplike werker aan die saak toe te wys nie, sal Childline reël met 'n ander maatskaplike diensorganisasie om aandag daaraan te gee.

7. Childline Vrystaat faktureer die Bediening van Diens van Barmhartigheid aan die einde van elke maand vir dienste gelewer.

*Childline Vrystaat se **tolvrye 24 uur-noodlyn @ 116***

**Lees meer »**

# ARTIKELS

## UIT DIE SINODE | AFRIKA-EKUMENE

BEDIENINGSBEGELEIDING

Verbi Divini Minister

**Die Groot Trek?**

*Dr Martin Laubscher*
*Erediens Netwerk*



**Lees hier**

BEDIENINGSBEGELEIDING

Raadsvergadering

**Bedieningsbegeleiding se tromritmes**

*Magdaleen du Toit*
*Spiritualiteit Netwerk*



**Lees hier**

VISIONERING

Moderamenvergadering

**"Here God van liefde, in u skadu wil ons by U staan."**

*Ds Jan Lubbe, Moderamen-voorsitter*



**Lees hier**

VENNOTE IN GETUIENIS

Lesotho

**Kosbare verhoudings in die Bergkoninkryk**

*Dr Nico Mostert*
*Vennote in Getuienis*



**Lees hier**

VENNOTE IN GETUIENIS

Werkgroep vir Islam

**Verband tussen gas-vryheid en *Dawa* in Islam**

*Dr Enrico Casaleggio*
*Raad van Vennote in Getuienis*



**Lees hier**

AFRIKA-EKUMENE

NetACT

**NG Kerk se verbintenis met ons susterskerk in Angola, die IERA**

*Oorgeneem*
*VrydagNuus 18 Mei 2023, Kaapkerk*



**Lees hier**

**GERONTOLOGIE NETWERK** BIED **GRATIS** MET TROTS AAN

# 'N ONOORWINLIKE SOMER!



**SESSIE 1 |** Om ouer te word op die "jongste" kontinent: Tendense en uitdagings...

**SESSIE 2 |** 'n Koninkryk/Kerk vir alle ouderdomme en fases!

## JACO HOFFMAN

Veroudering en Generasiedinamika in Afrika (AGenDA). Optentia Navorsingseenheid, Noordwes-Universiteit, Suid-Afrika. Oxford Instituut vir Bevolkingsveroudering, Universiteit van Oxford, VK.

https://youtube.com/live/TAQTnVQVZuY

5 VBO FORUM -punte

© 2023 | NG Kerk Vrystaat

**Jaco Hoffman** (DPhil, Oxon) is 'n professor in sosio-gerontologie in die Optentia-navorsingseenheid, Noordwes-Universiteit, waar hy die Veroudering en Generasiedinamika in Afrika (AGenDA)-program as 'n NRF1-gegradeerde navorser lei. Hy is ook professorale genoot by die Instituut vir Bevolkingsveroudering, Universiteit van Oxford, waar hy die Afrika-navorsingsnetwerk oor veroudering (AFRAN) koördineer. Hy is 'n ere-professor in die Instituut vir Veroudering in Afrika, Departement Geneeskunde, Fakulteit Gesondheidswetenskappe, Universiteit van Kaapstad; 'n voormalige president van die Suid-Afrikaanse Gerontologiese Vereniging (SAGA) en stigterslid van die Suid-Afrikaanse Ouer Persone Forum. Jaco is 'n mede-direkteur van die Internasionale Langlewendheidsentrum (ILC) Suid-Afrika, asook 'n direkteur van die Internasionale Federasie van Veroudering (IFA)-Raad. Boonop word Jaco genomineer as een van 15 Globale Kommissarisse vir Die Lancet-joernaal oor langtermynsorg vir ouer persone tot 2025.

**DONDERDAG 8 JUNIE**
**09:00** tot **13:00**

**GELOOFSENTRUM**
**UNIVERSITAS**
Straussstraat 12, Universitas, BFN

**NAVRAE**
Jors @ **082 783 0730**

# RINGE

*In samewerking met*
***Sinodale Bedieninge***




*Deur* ***Mariëtte Odendaal***

# Ring van Vaalrivier
## kom *In Pas* met 'na-buite-gerig' leef

Die NG Kerk Vrystaat het in die boekjaar 2022/23 'n bedrag van R30 000 beskikbaar gestel aan elkeen van die 15 Vrystaatse ringe om gesamentlike ringprojekte te ondersteun. Die versoek is dat diens in samewerking met 'n sinodale bediening gelewer word.

"Wat die Ring van Vaalrivier betref, is daar by Bedieningsbegeleiding as sinodale bediening ingeskakel," vertel ds Francois van Tonder, ringskriba van die Ring van Vaalrivier.

**Vertel ons meer oor hoe fondse ten bate van jul ringsprojekte aangewend is.**

"Die Covid-19-pandemie het gemeentes gedwing om vir 'n oomblik laer te trek en om ons oor onsself te bekommer," vertel Van Tonder.

"Natuurlik is daar niks fout daarmee nie – die wêreld is die afgelope paar jaar deur 'n ongelooflike moeilike tyd en families en verhoudings dra nou nog die letsels van die pandemie."

"Maar so het die pandemie ook verbygegaan en dit is nou drie jaar later. Die wêreld lyk nie meer dieselfde as voor Covid nie; die kerk ook nie. Daarom moes gemeentes weer fyn leer luister en soek na God se stem en hoor waarmee God in gemeentes en in die omgewing besig is."

"Die ideaal is dat ons as gelowiges en gemeentes weer ons roeping in ons onmiddellike omgewing, soos wat God dit bedoel het, sal onthou en opneem," verduidelik Van Tonder.

**Lees meer** »

# MEDIATEEK

Geskryf deur
**Thomas G. Long**


*THIRD EDITION PAPERBACK*
*©1989, 2005, 2016 THOMAS G. LONG (P)2020 TANTOR*

# *THE WITNESS OF PREACHING*

*Voorgeskryf vir Bedienaars met Erediensbevoegdheid.*

**DIE UITGEWER SE OPSOMMING**

Hierdie is 'n nuut hersiene uitgawe van een van die standaard inleidende predikingshandboeke wat vandag op die mark is. Beginnend met 'n stewige teologiese basis, bied veteraanprediker en topverkoperskrywer Thomas G. Long 'n praktiese, stap-vir-stap-gids vir die skryf van 'n preek. Long sentreer sy benadering rondom die Bybelse konsep van getuienis. Om 'n prediker te wees, volgens Long, is om 'n getuie te wees van God se werk in die wêreld - een wat sien voordat hy praat, een wie se dit is taak om "die waarheid te vertel, die hele waarheid, en niks anders as die waarheid oor wat gesien word nie". Hierdie bygewerkte uitgawe verfris taal en staaltjies, bevat 'n uitgebreide nuwe ontleding van die gebruik van multimedia en die impak daarvan op prediking en voeg 'n heeltemal nuwe hoofstuk oor plagiaat in prediking by. Ook ingesluit is vier volledige preke, met Long se kommentaar en ontleding. Die preke is geskryf en oorspronklik gepreek deur Barbara Brown Taylor, Cleophus J. LaRue, Ginger Gaines-Cirelli en Edmund Steimle. Met hierdie derde uitgawe herbevestig *The Witness of Preaching* homself as die noodsaaklike hulpbron vir kweekskoolstudente sowel as nuwe en ervare predikers.




***Oorgeneem uit*** *© Copyright 1997 – 2023 Audible, Inc*

## MEDIATEEK | **INVENTARIS**

Loer gerus na die **Mediateek** van die NG Kerk Vrystaat, Sinodale Kantoor se volledige inventaris hieronder.

Navrae | **Anelia van den Blink (051) 406 6700** of **kuratorium@ngkvs.co.za**.

**Loer hier**

*Vrystaat*

# Vroueleraars

*Retreat*

**26-28 JUNIE 2023 | BLOEMFONTEIN**

met prof Yolanda Dreyer & Magdaleen du Toit




© 2023 | NG Kerk Vrystaat

R700.00 per persoon
(alles ingesluit) | 10 VBO-punte

**Bespreek voor 9 Junie**
by Anelia (051) 406 6700 of
kuratorium@ngkvs.co.za

**Vir navrae kontak ds Anneri**

083 417 7431
anneriviljoen.87@gmail.com
www.ngkerkvrystaat.co.za




***Oorgeneem** | VrydagNuus 18 Mei 2023, Kaapkerk*

## Internasionale Dag vir Biologiese Diversiteit

Op Maandag 22 Mei word die Internasionale Dag vir Biologiese Diversiteit wêreldwyd gevier. Op hierdie dag word ons as mensdom opgeroep om weer te gaan kyk na ons verhouding met die natuurlike wêreld om ons heen. Ten spyte van al ons tegnologiese vooruitgang, is ons heeltemal afhanklik van gesonde en lewendige ekosisteme vir ons voortbestaan. Dit het 'n direkte invloed op die kos wat ons eet, die water wat ons drink, die energiebronne wat ons nodig het en nog vele meer. Laat ons dus respek betoon aan ons biologiese rykdom en dit help beskerm en herstel. In Desember 2022 is die **Kunming-Montreal Wêreldwye Biodiversiteitsraamwerk** aanvaar en onderteken met doelwitte en konkrete maatreëls om die verlies van die natuur teen 2050 te stuit en om te keer. Daarom is die tema van vanjaar se Internasionale Dag vir Biologiese Diversiteit - **Van ooreenkoms tot aksie: Bou biodiversiteit terug**.

---

VAN OOREENKOMS TOT AKSIE: **BOU BIODIVERSITEIT TERUG**

United Nations

Loer hier »




**Lees hier »**

**WINTER HOPE • HOOP** is 'n nasionale inisiatief wat die afgelope paar jaar deur MES, PEN, His Hands en Torings van Hoop gedryf word in die maand van Junie om hoop te bring aan hulle wat op straat probeer oorleef. Warm klere, komberse en kos maak in die winterkoue die wêreld se verskil aan hulle wat daagliks aan die elemente blootgestel is. Vanjaar het Torings van Hoop besluit om nie net op Bloemfontein te fokus nie, maar om wyer te kyk na die nood van haweloses en armes in die groter Vrystaat. Daar is alreeds 'n klompie aflaaipunte geïdentifiseer in dorpe soos Bethlehem, Viljoenskroon, Sasolburg, Bethlehem, Ficksburg, Ladybrand, Kroonstad, Welkom en Edenburg, met nog plekke wat op die punt is om deel van hierdie grootse beweging te word. Die plan is om dit wat op 'n bepaalde dorp en in 'n bepaalde streek geskenk word, juis daar aan te wend. Kerke en ander organisasies is besig om aan boord te kom om hierdie winter regoor die Vrystaat na haweloses en armes uit te reik. Kom raak deel van wat die Here besig is om vanjaar te doen.  Kom gee Hoop. Kom gee Warmte.

**Indien jy belangstel om op enige manier betrokke te raak, kontak ds De la Harpe le Roux by dlh@towersofhope.org**



**DS GERT BARNARD**
Voorsitter Sentrale Streek BSA

# BYBELGENOOTSKAP SENTRALE STREEK BLOEMFONTEIN

**Die Sentrale Streek van die Bybelgenootskap, gesetel in Bloemfontein**, het op Woensdag 3 Mei hul eerste streeksvergadering vir 2023 gehou. Die Streek is bevoorregd om oor die hele spektrum van kerke verteenwoordiging te hê van almal wat die Bybel gebruik as God se Woord aan ons.

## PERSONEEL

Die Bybelgenootskap moes die afgelope twee jaar radikale veranderinge aanbring aan die personeel-opset, nie net plaaslik nie, maar ook nasionaal. Met die herstrukturering moes baie van ons personeel heraansoek doen om hul poste, terwyl ander die aftree-ouderdom van 65 bereik het. So het dit tyd geword dat ds Gerrie van Dyk, wat vir 30 jaar sinoniem met die Bybelgenootskap in ons Streek is, ook aftree. Hy maak einde Oktober finaal klaar in sy pos. Die Streek wil aan ds Gerrie 'n groot applous gee, as 'n mens vir die werk van die Here applous mag gee. Gerrie het oor die jare die Bybelgenootskap 'n gesig gegee waar elke gemeente en individu hom- en haarself kon tuis vind. Die hoof-uitvoerende beampte van die afgelope paar jaar, ds Dirk Gevers, het ook sy pos ontruim, nie om af te tree nie, maar om sy plek in te neem as sekretaris by die Wêreldbond van die Bybelgenootskappe. Bybelgenootskap SA is baie trots om een van sy werkers aan hulle af te staan om sy werk daar voort te sit.

## FINANSIES

Die Bybelgenootskap het ook in die tyd van Covid-19 geweldige verliese gehad en die fondse wat uitgeput is, is nog nie weer herwin nie.

Tog kan die Bybelgenootskap met vertroue getuig dat die Here steeds voorsien en dat die fondse stadig maar seker weer begin inkom. Ons is egter bewus daarvan dat alle gemeentes en individue finansieel swaar kry en dat die boerdery-gemeenskappe in die Noord-Kaap, Noord-Wes en Vrystaat gebuk gaan onder geweldige finansiële druk.

## PROJEKTE

Die Bybelgenootskap het nieteenstaande finansiële verliese egter voortgegaan met dit waartoe hulle geroep is, en dit is om die Woord, in watter formaat ook al, tot die beskikking van elkeen te plaas. So is ons dankbaar vir die 2020-vertaling wat intussen ook in Braille verskyn het. Die digitale gebruik van die Bybel het geweldig toegeneem en elkeen kan nou die Bybel in enige van die 11 landstale volledig op die rekenaar of selfoon aflaai, gratis.

Die twee Boesmantaal-vertalings is ook ver gevorder, en die vertalers is positief dat hulle die sperdatum binne die volgende vyf jaar sal bereik. Dan het hierdie twee groepe vir die eerste keer 'n Bybel in hul eie taal.

## BYBEL IN AFRIKAANS 90 JAAR

Die Afrikaanse Bybel is op 27 Augustus 1933 in Bloemfontein bekend gestel.


Vanjaar, op Sondag 27 Augustus 2023, presies op dag en datum, is die 1933 Afrikaanse Bybel 90 jaar. Ons wil alle gemeentes en groepe vra om op daardie dag iets met 'n feestelike karakter te hou om die Bybel in Afrikaans se 90 jaar te herdenk. Die Bybelgenootskap is in 1820 in Suid Afrika begin, en vir 203 jaar is die Bybelgenootskap steeds besig om sy roeping en missie en visie uit te leef en uit te dra, naamlik om die Bybel bekostigbaar in die hand van elke leser te plaas, die goeie nuus vir almal, vir altyd.



Op die foto verskyn ds Gerrie van Dyk, wat na 30 jaar die tuig by die Bybelgenootskap neerlê, langs ds Gert Barnard van Louisvale-gemeente in die Noord-Kaap, wat vir 'n tweede termyn as voorsitter vir die Sentrale Streek verkies is.

*Soli Deo Gloria*


BYBELGENOOTSKAP
KATALOGUS
2023
MEI 2023
www.bybelgenootskap.co.za
Klik hier


SPESIALE AANBOD
Ter viering van:
90-jaar van die Bybel in Afrikaans
DIE BYBEL
WAS R159
NOU R79
Klik hier


Die gemeente van Tarkastad wil graag die een buitemuur van die kerk herstel wat besig is om te verbrokkel.
Die N.G.Kerk is die middelpunt van Tarkastad en dis belangrik vir ons as gemeente om die kerk van God instand te hou en sodoende Sy Koninkryk uit te brei. Enige donasie, hoe klein ook a sal baie waardeer word. Kontak The by 082 705 6657 of per epos, theawait@gmail.com as u 'n donasie wil skenk.
Klik hier



KOUENAG IS HIER
Gesinsorg wil u graag vra vir hulp met die insameli
Engo
Komberse
Klere
Nie-bederfbare produkte
Enige ander skenkings
ATUM: 26 Mei 2023
ADRES: Van Heerdenweg 26 Wilgehof, Bloemfon
SSEN: 16:00 - 20:00
TEL NO: 051 522 6914
Klik hier


Engo
CHILD PROTECTION AWARENESS MARCH
5 km MARCH
Date: 2 June 2023
Time: 12:00 for 12:30
Venue: Inibos; 23 Wim Botha Street, Langenhovenpark
Entrance fee: Any toiletry item
There will be food and beverages for sale
Klik hier


GREY COLLEGE HOCKEY
Engo
We play hockey with a purpose...
College vs Afrikaanse Hoër Seun
19&20 May 2023
nsor a goal or make a donat
ok out for the Engo gazebo at the Astr
or call Alda @ 082 991 0488
Klik hier


VERKOOPSAGENTE VIR CLF BOEKSENTRUMS
CLF bied individue, gemeentes of organisasies die geleentheid om as Verkoopsagente vir CLF Boeksentrums aan te sluit.
1. SLUIT AAN
Kontak CLF om die nodige ooreenkomste en dokumentasie te voltooi om as Verkoopsagent vir 'n CLF Boeksentrum te registreer.
2. PRODUKTE
Verkoopsagente ontvang die fisiese voorraad produkte soos ooreengekom wat in of deur die CLF Boeksentrum ver-
3. BEMARK
Verkoopsagente bemark die produkte deur die CLF Boeksentrum aan hulle netwerke, wyer ge-meentes en op hulle digitale platvorms om sodoende verkope te genereer.
4. VERDIEN
Verkoopsagente ontvang maandeliks kommissie, soos ooreengekom vir alle verkope van die vorige maand (en waarvoor
CLF
Klik hier


Competition
Father's Day
Five lucky winners will each win a book hampe to the value of R800
You ARE Good ENOUGH
"Matteus, volg my!"
Net voor die my droogte breek
Evangelie van Johannes
Klik hier


2023
Jaarboek
van die
Nederduitse Gereformeerde Kerke
Klik hier

# PINKSTER

## HOOP IN HANDELINGE

Deur

**Dr Pieter van Jaarsveld**
*Emeritus-leraar van Bloemfontein en voormalige moderator van die NG Kerk Vrystaat.*

### PENTECOST
### PINKSTER

Die naam van hierdie Pinksterreeks is "Hoop in Handelinge". Handelinge is een van die mees indrukwekkende boeke in die Bybel – dit vertel die storie van die vroeë kerk. Daar is verhale van wonderdade, geloof wat mense inspireer, buitengewone wysheid, waagmoed en menselewens wat handomkeer verander het. Dít alles te danke aan die kragtige werking van die Heilige Gees – die Gees van die opgestane Christus wat self teenwoordig is en sy kerk op aarde vestig. Tog word hierdie boek afgeskeep of net selektief gelees. In hierdie reeks word daar opnuut - met "hoop" as lens - gekyk na sewe tekste uit Handelinge. Daar gaan gekyk word na elke teks se konteks en hoe dit vir ons vandag hoop gee. Hierdie Pinksterreeks is geskryf deur dr Pieter van Jaarsveld – voormalige moderator van die NG Kerk Vrystaat en emeritusleraar van Bloemfontein.

### ANDER HULPBRONNE

Kyk gerus ook HIER na ons jongste Preek-oordenkings, Webjoernale (Blogs) en Oordenkings wat op CLF se Hulpbronsentrum gelees en gedeel kan word.



***Oorgeneem uit*** *https://clf.co.za/resource-toolkit/*

# THE STREET STORE™

051 522 6806
bfnstreetstore@gmail.com

## 27 MEI 2023

***Waaroor gaan STREET STORE?***

Dit skep vir behoeftiges die geleentheid om op hierdie dag gratis klere te kom “koop”! Saam met die klere word iets om te eet uitgedeel en daar word vir die behoeftiges gebid en indien moontlik, ook 'n Bybel gegee.

***Wat is die doel van STREET STORE?***

Die doel is om Jesus te gaan uitleef, sodat ander mense Sy liefde kan sien en menswaardig kan voel in 'n wêreld waar dit nie altyd ervaar word nie.

***STREET STORE se onbedoelde uitkoms...***

Hoewel **STREET STORE** daarop gemik is om behoeftige mense te help, vind daar ook geweldige geestelike groei by vrywilligers plaas. Geen persoon stap onaangeraak daar weg nie.

***Hoe kan gemeentes betrokke raak by STREET STORE?***

Gemeentes kan help met die insameling van klere, kos en ander benodigdhede. In samewerking met **STREET STORE** is die **G.I.R.L-project** wat jong dames wil help met sanitêre produkte. Skenkings hiervoor word benodig. Daar is ook 'n insameling vir wol waarmee mussies gebrei word.

***Hoe kan jy betrokke raak by STREET STORE?***

Stel jouself op Saterdag **27 Mei 2023** beskikbaar as vrywilliger. Voorbereiding word getref om 4 000 van Bloemfontein se behoeftige mense te bedien, **maar daarvoor is persone nodig om Jesus se hande en voete vir ander te wees.**



**Vir meer inligting**

(051) 522 6806
bfnstreetstore@gmail.com

THE STREET STORE™

# DIE GENERASIE bagasie ERVARING

## 4 - 6 AUGUSTUS 2023

BESPREEK HIER

R600 PER PERSOON | *VERBLYF UITGESLUIT

**VIND WEER DIE MENSWEES IN JOU MANWEES**

**SAAM MET WENTZEL COETZER**

Clarens HERMITAGE

NG Kerk Vrystaat

# OPLEIDINGSGELEENTHEDE

Excelsus
SENTRUM VIR BEDIENINGSONTWIKKELING

## Pastorale Beradingskursus

**20 Mei 2023** | Unieke uitdagings rakende die grootmaak van seuns en dogters deur prof Wentzel Coetzer. Navrae @ 083 660 0409 / e-pos: wentzelc@gmail.com

Lees meer + Padkaart +

## Brightstar Life Program

**27 Mei 2023** | Inligting oor Module 1: Skitterende self, via Zoom. Vir navrae kontak Hennie via WhatsApp 082 781 6330 of e-pos: hjswanepoel09@gmail.com

Lees meer +

## Pastorale Beradingskursus

**20 Junie 2023** | 'n Aanlyn (Zoom) Pastorale Beradingskursus deur prof Wentzel Coetzer met die titel: Mede-afhanklikheid en emosionele gebrokenheid.
Navrae @ 083 660 0409 / e-pos: wentzelc@gmail.com

Lees meer + Registreer +

## Brugbediening 2023

WEEK 1: **31 Julie - 4 Augustus 2023** | WEEK 2: **30 Oktober - 4 November 2023**
Opleiding van brugpredikante tydens predikantsverwisseling, deur prof Malan Nel.

Lees meer +

# NUUSBRIEWE EN PUBLIKASIES

NUWE PUBLIKASIES | BROKKIES UIT KERKBODE



Nuuswenke oor lidmate, gemeentes of ringe wat uit die boks dink om 'n verskil in hul omgewing te maak, is baie welkom.

E-pos: **helene@bmedia.co.za**

Bybel-Media

**Publikasie**

*Ontmoet die toekoms*

**Loer hier**

*Oorgeneem uit eshop.bybelmedia.org.za*

Bybel-Media

**Publikasie**

*Om te word wie ons is*

**Loer hier**

*Oorgeneem uit eshop.bybelmedia.org.za*

Bybel-Media

**Publikasie**

*Werk soos 'n miljardêr*

**Loer hier**

*Oorgeneem uit eshop.bybelmedia.org.za*

## BROKKIES UIT kerkbode

**Andrew Murray-prysfonds 2023: Waardige wenboek pak uit wat lesers by Barth kan leer oor Christus as Priester, Koning en Profeet**

*Oorgeneem uit Kerkbode, Boeke en Media, 18 Mei 2023*

**Andrew Murray-prysfonds 2023: Wenskrywer vertel: "Ek het die erge wettiesheid beleef …"**

*Oorgeneem uit Kerkbode, Boeke en Media, 18 Mei 2023*

**Dawie Botes: Ek treur oor demokrasie in die kerk**

*Oorgeneem uit Kerkbode, Briewe / Lewer Kommentaar, 16 Mei 2023*

TERUGBLIK

**9 Sinodestories uit NG Kerk in Wes-Kaapland**

*Oorgeneem uit Kerkbode, @sinode, 17 Mei 2023*

# KALENDER

Stuur alle kalender-gebeure aan **cmclean@ngkvs.co.za**

nuut

## KROONSTAD-NOORD

MUSIEKFEES

**LAUDATE OMNES GENTES!**

Kaartjies teen R150 per persoon
Kinders onder 13, gratis | 18:00 – 20:00

| 20 | 05 | 23 |
|---|---|---|
| DAG | MAAND | JAAR |

nuut

## BRANDFORT

NOSTALGIE KERKBASAAR

**KOM RAAK SAAM NOSTALGIES**

Almal welkom - oud en jonk!
08:00 – 17:00

| 27 | 05 | 23 |
|---|---|---|
| DAG | MAAND | JAAR |

nuut

## BFN-NOORD

BASAAR

**KERSFEES IN DIE WINTER**

Kom kuier lekker saam!
Vrydag 16:00 - 20:00 | Saterdag 08:00 - 12:00

| 02 | 06 | 23 |
|---|---|---|
| DAG | MAAND | JAAR |

nuut

## BFN-NOORD

BASAAR | PRETDAG

**KERSFEES IN DIE WINTER**

Almal welkom | Boeresport, Pretloop ens
Saterdag 08:00 - 12:00

| 03 | 06 | 23 |
|---|---|---|
| DAG | MAAND | JAAR |

**www.ngkerkvrystaat.co.za**

NG Kerk Vrystaat

Loer gerus op die **webblad se kalender** vir alle belangrike datums en gemeentegebeure

# BETREKKINGS

VAKATURES | PREDIKANTENUUS













# Predikantenuus

VRYSTAAT

Oorgeneem uit Kerkbode | 5 Mei 2023 | Amptelik Nuus

**BEROEP | Ds Solomon Jansen (Sollie) Pretorius** van Bloemfontein is op 2 Mei 2023 beroep as brugleraar vir ses maande na die NG Gemeente Kerkenberg.

**Kerkbode**

**VIR MEER INLIGTING** | woes@mweb.co.za / 023 342 6030

**Aflosleraars**

**VIR MEER INLIGTING** | daf@ngkvs.co.za / (051) 406 6700

# VERJAARSDAE




## MEI

**20** Ds Barnard Steyn
SINODALE KERKKANTOOR

**20** Ds Etienne Nolte
CLOCOLAN

**21** Ds Braam van Zyl
HEILBRON

**22** Mev Helena Smit
SINODALE KERKKANTOOR

**26** Dr Hannes de Kock
BETHLEHEM-NOORD

**26** Ds Pieter-Mohr van Niekerk
KROONHEUWEL-NOORD

**29** Dr Hannes Els
KROONSTAD-SUID

## JUNIE

**01** Ds Phillip Gaebers
BULTFONTEIN-OOS

**HEMELVAART** 2023
**Ds Jan Lubbe** | Leraar van NG Gemeente Berg-en-Dal

# 'n Geopende hemel, **'n lewende Christus,** 'n moedige kerk.

Hemelvaart was gister, volgende week is dit Pinkster. Ons leef in daardie tien dae tussen-in. En in die woorde waarmee ons Christus onthou –

***"... ontvang van die Heilige Gees, gebore is, gely het, gesterf het, begrawe is, neergedaal het, opgestaan het, opgevaar het, wat weer sal kom..."***

– klink daar 'n diep oortuiging op: Ons dink nie net dankbaar terug aan wat verby is nie, die heilsgeskiedenis van Advent en Epifanie tot Lent en Pase nie, en ons verlang ook nie net reikhalsend na wat nog sal wees – die Voleinding – nie. Ons getuig óók gelowig oor wat nou in hierdie hede ís; ons sê: "(Hy) sit aan die regterhand van God, die Almagtige..." Teenswoordige tyd. Waar kom dié woorde vandaan: "Sittend aan die regterhand van God"? *Sedet ad dexteram Patris*? Was dit nie Jesus self, diep daardie Donderdagnag toe Hy deur die Joodse Raad verhoor is en gevra is òf Hy die Christus is, wat geantwoord het: "... van nou af sal die Seun van die Mens sit aan die regterhand van God, die Almagtige" (Lukas 22:69). 'n Antwoord wat menslik gesproke vir 'n Timmermanseun uit Nasaret aan lastering gegrens het, want dit was Psalm 110 wat die Skrifgeleerdes daarin herken het; daardie heilsbelofte aan die Koning van Sion; die ereposisie vir die Gesalfde van die Here! 'n Woedende skare, 'n wrede kruis! Tóg sou Petrus dit op Pinkstersondag beaam: "Hierdie Jesus wat julle gekruisig het", dit is Hý aan Wie God gesê het "sit aan my regterhand" (Handelinge 2:36). En nie lank ná Petrus nie, Stefanus.

Van Stefanus word ons meer as een keer vertel dat hy "vol van die Heilige Gees was" (Handelinge 6:5, 7:55); een van die eerste geroepenes om die barmhartigheid van God in die gemeente uit te deel. 'n Roeping wat hom kort voor lank ook voor die Joodse Raad laat beland het. Nie net vir hóm nie, maar ook vir daardie eerste gemeente, die vroeë Kerk, 'n waarheidsmoment dus, selfs 'n krisis-uur: Hulle is onderling verdeeld, daar is 'n gemor, vermoedelik oor 'n kulturele onderskeid wat in die gemeente gemaak word (6:1); oor hul koppe dreig die swaard van vervolging en wat kort daarna in alle felheid losbars (7:54, 8:1); aanstons wag daar verstrooiing weg van hul huis en haard in Jerusalem, verder en verder (8:1, 4).

**Lees meer** »



Foto: **'n Ortodokse Ikoon van Stefanus se steniging**

# KONTAK ONS

REDAKSIE

**NG KERK VRYSTAAT**
Departement Kommunikasie en Bemarking
**051 406 6700 (k)** | **072 151 9799 (s)**

Van Heerdenweg 20, Wilgehof, Bfn 9301
Posbus 11412, Universitas 9321

Stuur enige nuusgebeure, bydraes of inligting **voor 12:00 Woensdae** na **cmclean@ngkvs.co.za**




# Samestellers

Celicia McLean (Redaksioneel)
**cmclean@ngkvs.co.za**

Carlie Niehaus
**carlie@ngkvs.co.za**

**skakel@ngkvs.co.za**

@NGKERKVRYSTAATAMP • NGKERKVRYSTAAT.CO.ZA

Teken in op **VRYPOS** | Kanselleer **VRYPOS**

© 2023 NG Kerk Vrystaat | **VRYWARING**



NG Kerk Vrystaat

NG KERK VRYSTAAT | © **2023**
Departement Kommunikasie en Bemarking